# VERANDERING EN INTERPRETASIE: F.A. VAN JAARSVELD AS HISTORIKUS VAN VERSTEDELIKING EN INDUSTRIALISASIE

**G. Verhoef**
*Departement Geskiedenis*
*Randse Afrikaanse Universiteit*
*Posbus 524*
*2000 Johannesburg*

*Namate die toekoms verskuif en die hede verander, verander ook die vraagstelling.*[1]

**Change and interpretation: F.A. van Jaarsveld as historian of urbanisation and industrialisation**

Van Jaarsveld timely and urgently called for a study of industrialisation and related social change. Since the sixties he urged Afrikaans historians to accept the reality of industrialisation. He identified industrialisation as the motor of social and economic change in the lives of Afrikaners and of the whole South African society. This development, he urged, justified fundamental historical research. Van Jaarsveld published a comprehensive historiographical study on industrialisation and mapped out the field of study for historians. Van Jaarsveld did not approach industrialisation from a holistic perspective, but indicated the effect thereof on the different race groups separately. His own real contribution to research on industrialisation was limited. In his series of books on South Africa since Van Riebeeck, he wrote a chapter on industrialisation. He analysed the broad development of industrialisation in South Africa concisely and thereby leaves the task to which he called historians, to be done by those after him. Historians presently still have the task to do in depth research on industrialisation as a macro economic phenomenon within the framework of development.

Van Jaarsveld se sterk voorspraak vir die studie van industrialisasie en gepaardgaande sosiale verandering, was tydig en dringend. Sedert die sestigerjare het Van Jaarsveld dringend betoog dat Afrikaanse historici die werklikheid van verstedeliking moes aanvaar. Hy het industrialisasie as die motor van die sosiale en ekonomiese verandering in die lewe van Afrikaners en geheel Suid-Afrika uitgewys en aangedring op indringende historiese ondersoek daarna. Hy het self 'n omvattende historiografiese ondersoek na industrialisasie gepubliseer en die terrein van ondersoek vir historici uitgespel. Van Jaarsveld het egter nie holisties na die verskynsel van industrialisasie gekyk nie, maar die impak daarvan op die verskillende rassegroepe afsonderlik aangedui. Sy eie daadwerklike bydrae tot navorsing oor industrialisasie was egter beperk. In sy opeenvolgende algemene werk oor Suid-Afrika sedert Van Riebeeck, word 'n hoofstuk aan industrialisasie gewy. Van Jaarsveld ontleed die breë verloop van industrialisasie in Suid-Afrika kortliks en laat eintlik die taak waartoe hy ander historici oproep, aan diegene na hom oor. Hedendaagse historici het



F.A. van Jaarsveld, *Die Eise van ons tyd aan die geskiedskrywing*. Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit, A4, 1968, p. 23.

nog die taak om industrialisasie as makro-ekonomiese verskynsel binne die raamwerk van die ontwikkelingsproblematiek te ondersoek.

## Inleiding

Die geskiedenis van Suid-Afrika in sy totaliteit het historici by herhaling verplig tot herinterpretasie en herbesinning. In 1995 word die ingrypende politieke veranderings in Suid-Afrika vir Afrikaners en in besonder Afrikaanse historici, verder gedra deur die heengaan van emeritus professor F.A. van Jaarsveld. Hy is wyd erken as historikus wat sy tyd 'bewus' belewe het, met oorwoë belesenheid die veranderings waargeneem en geïnterpreteer het en herhaaldelik die vorm van die vraagstelling aan die verlede vanuit daardie perspektief, verander het.[2] Die verandering van die hede in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die negentigerjare, verplig historici tot nuwe vraagstellings oor die nuwe problematiek. Politieke veranderings staan nou meer as ooit teen die agtergrond van dringende ekonomiese probleme vir Suid-Afrika, maar ook vir Suid-Afrika as deel van Afrika, wat reeds die tweede dekade van ernstige skuld- en ontwikkelingsprobleme beleef. In hierdie artikel is die vraag in hoeverre F.A. van Jaarsveld bygedra het tot bewuswording van die veranderinge en kennis oor die verstedelikte industriële samelewing van Suid-Afrika tans. Het F.A. van Jaarsveld die ekonomiese veranderings beskryf en geïnterpreteer om Afrikaanssprekendes in te lei in die veranderings van die laaste dekade van die twintigste eeu? In hierdie artikel word eers ondersoek hoe F.A. van Jaarsveld die verbreding van geskiedenisbeoefening tot verstedeliking uitgemeet het. Daarna word sy bydrae tot die geskiedenis van industrialisasie in Suid-Afrika aangetoon. In die laaste geval word F.A. van Jaarsveld se bydrae ontleed teen die agtergrond van die hedendaagse benaderings tot industrialisasie en ontwikkeling.

### Die beoefening van Geskiedenis: verbreding en verandering

F.A. van Jaarsveld het reeds in 1958 daarop gewys dat die geskiedenisbeeld van Afrikaners, as produk van bepaalde tydsomstandighede, moes verander, omdat hulle lewenswyse verander het: Afrikaners het grootliks verstedelik en ".. die emosionele nasionalisme van vroeër gaan geleidelik gerasionaliseer word."[3] Die Afrikaanse geskiedenisbeeld het hy op daardie stadium as oorvereenvoudig beskou "... en dit mis universele aspekte." Met laasgenoemde opmerking het hy aangevoer dat té veel klem op die militêr-dinamiese aard van sy geskiedenis geplaas is en té min aan die werklike bydraes van die bantoe en die Engelssprekende.[4] Nogtans het ontwikkelings op die terrein van rasseverhoudings en die politiek die sterkste invloed uitgeoefen op die temas waaroor Afrikaanse historici nagevors en geskryf het.[5] Die allesoorheersende invloed van

---

2. Vergelyk veral die bydraes oor F.A. van Jaarsveld in *Historia* 27(1), 1982, veral die bydraes van P.H. Kapp en J.T. du Bruyn; asook Christopher Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*. HSRC Series in Methodology, No. 30, 1992, pp. 6 en 13.

F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner se geskiedenisbeeld*. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, B6, 1958, p. 26.

4. F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner se geskiedenisbeeld*. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, B6, 1958, p. 26.

Vergelyk F.A. van Jaarsveld, *Ou en nuwe weë in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing*. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, A 16, 1961, pp. 52-54.

republiekwording in 1961 op Afrikaanse historici, blyk duidelik uit die feesbundel van Voortrekkerpers onder redaksie van F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz.[6]

Nogtans bly F.A. van Jaarsveld maan tot hervertolking van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die lig van die veranderinge van die twintigste eeu wat oor nasionale grense heen gestrek het - soos die disintegrasie van imperialistiese ryke, die opkoms van Rusland en die VSA. Die wesenlike aspekte van hervertolking waarom Van Jaarsveld in 1963 pleit is die veranderde posisie van Suid-Afrika in die wêreld, Suid-Afrika se verhouding met sy buurstate, die rol van nie-blankes in Suid-Afrika, die veranderde binnelandse situasie in die land, ens.[7]

Die eerste aanleiding dat Van Jaarsveld by die oorwig van politieke geskiedenis verby kyk, was juis in 1963, met sy verwysing na sekere terreine waaraan historici tot op daardie stadium nog te min aandag verleen het, naamlik "... die ekonomie: die rol van die opkoms van die stad, die hawens, die industrieë ens. wat ons lewenswyse grondig verander het."[8] Hy het ook verwys na maatskaplike verandering en probleme soos die bevolkingsverskuiwing wat nuwe terreine was wat Afrikaanse historici moes betree. Dwarsdeur die sestigerjare bly Van Jaarsveld egter vertolker van sy tyd vir sy lesers en studente. Hy skryf steeds meer oor die verskillende visies op of interpretasies van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en spreek die verwagting uit dat "... toekomstige geskiedskrywing hier te lande meer klem sal lê op die eenheidsaspekte van blanke Suid-Afrikaners en op die wording van die pogings tot oplossing van die rasse-vraagstuk."[9]

In 1968 word die heenwysing na ander vertakkinge van die geskiedenis as politieke geskiedskrywing nogmaals gemaak wanneer Van Jaarsveld beweer dat die uitputting van politieke geskiedenis geskiedskrywing sou dwing "... om hom almeer te beweeg op die *grensgebiede* van verskillende geesteswetenskappe," veral *sosiale* geskiedenis met as objek "die mens in al sy sosiale funksies ..." In hierdie verband verwys Van Jaarsveld na "... die ingewikkelde samestelling van die Suid-Afrikaanse bevolking en sy samelewing, die arbeidersbeweging, die verskynsel van verstedeliking en die maatskaplike en kulturele veranderings wat daarmee gepaard gaan."[10] Met hierdie verwysing dui Van Jaarsveld aan dat die ondersoek na die opkoms van die stad en verstedeliking " ... miskien die grootste sosiale transformasie van ons tyd is ..." en dat baie van die probleme van daardie tyd "... wortel in ons stedelike samelewings wat in historiese verband verstaan behoort te word."[11] Die bewussyn het duidelik by Van Jaarsveld bestaan dat die politieke problematiek van sy tyd 'n nie-politieke of sosio-ekonomiese dimensie het. Die proses van verstedeliking moes ondersoek word om verklarings te vind vir ekonomiese en kulturele veranderings. In hierdie opsig het Van Jaarsveld sy eie tyd steeds probeer vertolk vir sy lesers en studente

---

6. F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz, *Die Republiek van Suid-Afrika. Agtergrond, ontstaan en toekoms*. Johannesburg, 1966.

F.A. van Jaarsveld, Oor vertolking en hervertolking in die geskiedskrywing, in F.A. van Jaarsveld, T. van Wijk, C.F.J. Muller en G.D. Scholtz. *Die hervertolking van ons geskiedenis*. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, B19, 1963, pp. 13-25.

8. F.A. van Jaarsveld, Oor vertolking en hervertolking in die geskiedskrywing, in F.A. van Jaarsveld, T. van Wijk, C.F.J. Muller en G.D. Scholtz. *Die hervertolking van ons geskiedenis*. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, B19, 1963, p. 25.

9. F.A. van Jaarsveld, Visies op die Suid-Afrikaanse geskiedenis, *Historia* 9(1), 1964, p. 106.

10. F.A. van Jaarsveld, *Die eise van ons tyd aan die geskiedskrywing*. Intreerede gelewer aan die Randse Afrikaanse Universiteit, 29 Augustus, 1968. Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit, A4, 1968, p. 19.

F.A. van Jaarsveld, *Die eise van ons tyd aan die geskiedskrywing*. Intreerede gelewer aan die Randse Afrikaanse Universiteit, 29 Augustus, 1968. Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit, A4, 1968, p. 20.

deur te wys op die feit dat die politieke problematiek nie slegs ideologies of rasgeoriënteerd van aard was nie, maar ekonomiese determinante gehad het. Dit was terselfdertyd die periode in Suid-Afrika se geskiedenis toe die gewaande eenheid onder Afrikanerleiers en leiers in die Nasionale Party stelselmatig krake begin vertoon het. Van Jaarsveld se heenwysing na die ander sosiale en ekonomiese determinante van Afrikaners se bestaan in Suid-Afrika was derhalwe weer sy vertolking vir hulle van die veranderende omgewing waarin hulle hul bevind het en toenemend sou ingaan.

Vroeg in die sewentigerjare het Van Jaarsveld met groter doelgerigtheid die beoefening van sosiale en stedelike geskiedenis begin propageer. Die groter belangstelling in stedelike geskiedenis as onderafdeling van Geskiedenis as dissipline, het reeds sedert 1963 in Brittanje en die VSA posgevat en in daardie verband was Van Jaarsveld deel van die wêreldwye bewuswording van die groter invloed van stede op die ontwikkeling van byvoorbeeld die VSA en Brittanje, as die grens.[12] Van Jaarsveld het die onmiddelikheid van verstedeliking vir Afrikaners in 1970 duidelik tuisgebring toe hy hom beroep het op die 1970 sensusstatistiek wat aangedui het dat 87 persent van die Blanke bevolking in stedelike gebiede woon en dat net ongeveer 11 persent van die 15 persent Blankes op die platteland Afrikaans was. Uit daardie gegewe het hy geargumenteer, het Afrikaners hulself in veranderde lewensomstandighede bevind, hulle het verander van 'n landelike na 'n stedelike volk deur die groot proses van industrialisasie.[13] Hy het skerp kritiek uitgespreek teen die "... oordosis aan 19e eeuse pioniersgeskeidenis met sy staatkundige en konstitusionele beklemtoninge, ..."[14] in skoolleerplanne. Dit het, volgens Van Jaarsveld, meegebring dat Afrikaners hulself in die nuwe verstedelikte omgewing nie geken of verstaan het nie - Afrikaners het inderwaarheid van hulself vervreem geraak. Van Jaarsveld het gevolglik 'n ernstige beroep gedoen op "... minder landelike en meer *stedelike* pionersgeskiedenis .. Dan sal besef word hoe die kern van die volkereverhoudingsprobleme bestaan uit ekonomiese veranderinge wat tot sosiale, geestelike en politieke transformasie lei."[15]

Die daad by hierdie woord was die omvattende navorsingsprojek wat, in opdrag van die Raad van die Randse Afrikaanse Universiteit, deur die Departement Geskiedenis aan daardie instelling (met Van Jaarsveld as voorsitter), onderneem is oor die geskiedenis van Afrikaners aan die Witwatersrand. Die omvattendheid van die navorsingsterrein het gelei tot die afskaling van die navorsing tot die Afrikaner in Johannesburg.[16] Hoewel Van Jaarsveld nie betrokke was by die navorsing of skryf van die twee dele van *Afrikaners in die Goudstad*[17] nie, het hy 'n groot bydrae gelewer, saam met Johan Fourie,[18] tot diepgaande studie en mededeling oor die betekenis, reikwydte en beperkings van stedelike geskiedenis as navorsingsterrein in Suid-Afrika.

---

12. Vergelyk C. Saunders, *Writing history*, pp. 11-12.
13. F.A. van Jaarsveld, Geskiedenisonderrig en selfvervreemding in 'n veranderde lewensituasie, *Historia* 16(1), 1971, pp. 263-269.
14. F.A. van Jaarsveld, Geskiedenisonderrig en selfvervreemding in 'n veranderde lewensituasie, *Historia* 16(1), 1971, p. 269.
15. F.A. van Jaarsveld, Geskiedenisonderrig en selfvervreemding in 'n veranderde lewensituasie, *Historia* 16(1), 1971, p. 269.
16. Vergelyk die Voorwoord in E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I: 1886-1924*. Pretoria, 1978.
17. Gepubliseer in 1978 en 1986 onder redaksie van prof. E.L.P. Stals.
18. J.J. Fourie was 'n voltydse navorser in die projek oor die Afrikaners in die Goudstad en het die meeste van die skryfwerk van die twee dele self behartig. Vergelyk J.J. Fourie, Stedelike geskiedenis: 'n Histories-Metodologiese ondersoek, in *Die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand, 1886-1961*, *Oorsig*, 3, 1974.

Van Jaarsveld se radiopraatjies oor "Die Verstedeliking van die Afrikaner"[19] was 'n poging om Afrikaners te plaas in die konteks van hulle verstedelikte omgewing en die onomkeerbaarheid van verstedeliking te onderstreep. Dit was van populêre aard, maar sy publikasie *Stedelike geskiedenis as navorsingsgebied vir die Suid-Afrikaanse historikus*[20] het 'n wetenskaplike bydrae tot geskiedenis in Suid-Afrika gelewer. In hierdie publikasie het Van Jaarsveld bondig uiteengesit hoe stedelike geskiedenis as selfstandige navorsingsterrein in die buiteland, veral die VSA, beoefen is. Hy skets kortliks die veranderde verstedelikte omgewing van Afrikaners, maar wys dan daarop dat daar nog geen enkele historiese monografie bestaan oor verstedeliking in Suid-Afrika nie.[21] Van Jaarsveld verskaf daarna 'n uiters waardevolle oorsig oor wat in Suid-Afrika geskryf is oor verstedelikingsgeskiedenis, oor stedelike temas en oor stadsgeskiedenis. Die werk van W.M. MacMillan as grondlegger van die liberale skool in die Suid-Afrikaanse historiografie, word veral erken vir die historiese perspektief van die geheelbeeld van die verstedelikingsproses van die twintigste eeu in Suid-Afrika wat dit bied. C.W. de Kiewiet se *History of South Africa, social and economic* (Londen, 1941), word ook uitgesonder vir die tydige afwyking van politieke temas in historiese navorsing.[22] Ten spyte egter van die magdom artikels en publikasies van amateurs en akademici uit verskeie dissiplines bly Van Jaarsveld onbevredig, omdat "tradisionele historici" weinig bevredigende studies gelewer het wat bygedra het tot diepgaande kennis van die aard van die verstedelikingsproses.[23] Die onvergenoegdheid by Van Jaarsveld moet eintlik gelees word as 'n aanklag tot Afrikaanse historici en akademici. Hy sluit aan by De Kiewiet as hy verstedeliking as die na-Tweede Wêreldoorlogse werklikheid identifiseer en historici en akademici oproep om sistematies verstedeliking en industrialisasie interdissiplinêr te bestudeer, te beskryf en die verloop daarvan in Suid-Afrika te verklaar.[24]

---

19. F.A. van Jaarsveld, *Die verstedeliking van die Afrikaner*. 'n Publikasie van die SAUK, 1972. Reeds in 1970 het Van Jaarsveld in die reeks radiopraatjies "Afrikaner Quo Vadis" aan Afrikaners probeer oordra dat hulle boereverlede verander het in 'n stedelike hede; vergelyk F.A. van Jaarsveld, *Afrikaner quo vadis?* Johannesburg, 1971, pp. 101-104, 143-146.
20. F.A. van Jaarsveld, *Stedelike geskiedenis as navorsingsgebied vir die Suid-Afrikaanse historikus*. RAU Publikasiereeks: Die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand, B3, Johannesburg, 1973.
21. F.A. van Jaarsveld, *Stedelike geskiedenis as navorsingsgebied vir die Suid-Afrikaanse historikus*. RAU Publikasiereeks: Die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand, B3, Johannesburg, 1973, p. 17.
22. F.A. van Jaarsveld, *Stedelike geskiedenis as navorsingsgebied vir die Suid-Afrikaanse historikus*. RAU Publikasiereeks: Die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand, B3, Johannesburg, 1973, pp. 20, 42-44.
23. F.A. van Jaarsveld, *Stedelike geskiedenis as navorsingsgebied vir die Suid-Afrikaanse historikus*. RAU Publikasiereeks: Die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand, B3, Johannesburg, 1973, p. 76.
24. F.A. van Jaarsveld, *Stedelike geskiedenis as navorsingsgebied vir die Suid-Afrikaanse historikus*. RAU Publikasiereeks: Die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand, B3, Johannesburg, 1973, pp. 77-79. In 'n voordrag in Graaff-Reinet op 18 Januarie 1972 het Van Jaarsveld meer in besonder die beoefening van sosiale geskiedenis op skool bepleit, omdat kinders nie slegs in politieke vraagstukke belangstel nie, maar ook in ekonomiese, sosiale en kulturele vraagstukke. Deur die beoefening van sosiale geskiedenis, word die verhouding tussen mense, "soos dit uit verstedeliking voortgekom het," vir jongmense toeganklik, vgl. p.72. Referaat gepubliseer in: F.A. van Jaarsveld, *Probleme by die onderrig van Geskiedenis*, Pretoria, 1976. Vergelyk ook voetnoot 13.

## Verstedeliking en industrialisasie in historiese navorsing

Die praktiese bydrae van Van Jaarsveld tot geskiedskrywing oor verstedeliking en industrialisasie lê op twee terreine. Enersyds het hy deurgaans die noodsaaklikheid van multi-dissiplinêre navorsing, insluitende diepgaande historiese analise, van verstedeliking en die impak van industrialisasie in Suid-Afrika op alle segmente van die samelewing bepleit. Andersyds het hy self navorsing oor verstedeliking onderneem. In hierdie afdeling word sy bydrae in hierdie verband ondersoek.

Die eerste aspek van Van Jaarsveld se bydrae sou mens sy verkenning en rasionalisering van die terrein van verstedelikings- en industrialisasiegeskiedenis kon noem. Nadat hy, soos in die afdeling hierbo aangetoon, uitgewys het dat die studie van verstedeliking en die sosio-ekonomiese veranderings wat daarmee gepaardgegaan het, met reg 'n terrein is wat deur historici betree is en toenemend in Suid-Afrika betree moes word, het Van Jaarsveld nog baie werk voor hom gehad om Afrikaanse historici te bring by die daadwerklike punt van navorsing oor daardie onderwerpe. Hy pak dié taak aan deur historici, en hier gaan dit by uitstek om Afrikaanse historici, te probeer oortuig dat die beoefening van die eietydse geskiedenis noodsaaklik geword het. Van Jaarsveld voer aan dat "tussen *hede* en geskiedenis is daar 'n innige verwantskap ... (m)aar 'die geskiedenis' is 'n wye begrip en behels *al* die vorige situasies."[25] Die historikus moet die eie tyd bestudeer omdat dit die eie tyd "belig" en help met die "oriëntering" van die mens-in-sy-toestand. Geskiedenis as sodanig het nut vir die samelewing waarin dit beoefen word omdat dit sin en betekenis, doel en waarde vir die hede bevat.[26]

Van Jaarsveld het dan verder geargumenteer dat die werklikheid van die hede vir die Afrikaner in die twintigste eeu *industrialisasie* was, waardeur "... ons van 'n *landelike* volk tot *stedelinge* .." verander het. Dit wil voorkom of Van Jaarsveld nog oortuigingswerk moet doen as hy beklemtoon dat Afrikaners en swartmense nie weer verder sou kon trek in die twintigste eeu nie, maar dat hulle sou terugtrek na die Rand en ander stede. Die grondslag van hierdie verstedelikingsproses, was die verandering in die ekonomiese struktuur van Suid-Afrika, naamlik die nywerheidsomwenteling. Van Jaarsveld verklaar: "Ons *verstedeliking* met alles wat daarmee saamhang - ook die *kern* van ons blank-nie-blanke volksverhoudingsvraagstuk - is die grootste feit wat ons tans in die oë moet kyk."[27] Die aanvaarding van die nuwe werklikheid, hoewel dit teen 1970 nie so nuut was nie, maar klaarblyklik nie as finale werklikheid deur Afrikaanse historici aanvaar is nie, vertolk Van Jaarsveld as 'n verhelderende dog dringende noodsaaklikheid. Die aanvaarding van die verandering en diepgaande kennis daaroor sal begrip bring van "... hoe die kern van die volkereverhoudingsprobleme bestaan uit ekonomiese veranderinge wat tot sosiale, geestelike en politieke transformasie gelei het."[28]

Die werklikheid van verstedeliking is dan ook met groot noukeurigheid deur Van Jaarsveld beskryf. In *Stad en historikus*[29] beskryf hy die stad as verskynsel in Suid-Afrika. Daar word verwys na die groei van dorpe tot stedelike sentra en metropolitaanse gebiede, asook die gepaardgaande bevolkingsverskuiwings. Die verstedeliking van

---

25. F.A. van Jaarsveld, Geskiedenisonderrig en selfvervreemding in 'n veranderde lewensituasie, *Historia* 16(1), 1971, p. 263.
26. F.A. Van Jaarsveld, Geskiedenis en relevansie, *Historia* 24(1), 1979, p. 12.
27. F.A. van Jaarsveld, Geskiedenisonderrig en selfvervreemding in 'n veranderde lewensituasie, *Historia* 16(1), 1971, p. 269.
28. F.A. van Jaarsveld, Geskiedenisonderrig en selfvervreemding in 'n veranderde lewensituasie, *Historia*, 16(1), 1971, p. 269.
29. Opgeneem in *Geskiedkundige verkenninge*, Pretoria, 1974, pp. 135-198.

Afrikaners was so vinnig dat teen 1951 daar vir die eerste keer meer Afrikaners as Engelssprekendes in die stede was, maar die tempo van verstedeliking van swartmense het dié van blankes ver oorskry. Die transformasie van Suid-Afrika se relatief selfonderhoudende landbou-ekonomie, meen Van Jaarsveld, het in asemrowende kort tydperk plaasgevind. Die mynbedryf word beskou as die grondslag vir die nywerheidsomwenteling in Suid-Afrika. Politieke ingrype deur generaal Hertzog as Eerste Minister in die twintigerjare, meen Van Jaarsveld, was verantwoordelik vir 'n doelbewuste beleid van staatsbevordering van industrialisasie, sodat afhanklikheid van die goudmyne verminder kan word. Die mees belangwekkende afleiding wat Van Jaarsveld egter uit hierdie ontwikkelingspatroon maak, is dat die beleid van die regering om industrialisasie doelbewus te bevorder, weliswaar bygedra het tot die oplossing van die armblankevraagstuk, maar dat dit 'n nuwe probleem geskep het, naamlik verstedeliking van nie-blankes.[30]

Met hierdie standpunt word dit duidelik dat, hoewel Van Jaarsveld op hoogte was van die navorsing oor verstedeliking en stedelike geskiedenis in die VSA en Europa, sy eie besorgdheid daaroor vasgevang was in sy vooropgestelde apartheidsparadigma. Verstedeliking as verskynsel en die stedelike geskiedenis van verstedelikte mense is nie kleur-of rasgebonde nie (dit dui die statistiek wat Van Jaarsveld aanhaal, duidelik), maar Van Jaarsveld se bemoeienis was op daardie stadium hoofsaaklik met verstedeliking in gesegregeerde verband en nie met die universele verskynsel as sodanig nie. Die standpunt van De Kiewiet dat segregasie 'n mite en nie 'n feit was nie en dat die proses van industrialisasie 'n onskeibare veelrassige samelewing sou meebring, is deur Van Jaarsveld as 'n liberale standpunt getipeer - een wat Van Jaarsveld van mening was, De Kiewiet sou kon wysig in die lig van die bewindingsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948.[31] Van Jaarsveld dui gevolglik die ondersoek na die ontstaan en ontwikkeling van swart dorpe om die stede, as afsonderlike terrein aan wat nog braak lê. Van Jaarsveld vermeld ook William Vatcher se standpunt in *White Laager, the rise of Afrikaner Nationalism*[32] dat verstedeliking die Afrikaner sou dwing om te "versuidafrikaniseer en verliberaliseer", maar lewer geen kommentaar daarop nie. Hy vermeld net dat sosiaal-wetenskaplikes verbonde aan die South African Institute of Race Relations hulself die taak opgelê het om die belange van stedelike swartmense te bepleit, teen die agtergrond van 'n veelrassige samelewing. Historici moes by die kennis voortgebring deur hierdie sosiaal-wetenskaplikes, gaan kers opsteek om tot dieper begrip te kom oor die verskynsel van verstedeliking en wat daarmee saamhang.[33] Die implikasie van die verstedelikingsproses in Suid-Afrika is dus lank reeds deur wetenskaplikes binne en buite Geskiedenis, voorspel of uiteengesit, maar Van Jaarsveld se betoë het bly wentel om die bewusmaking van hoofsaaklik Afrikaanse historici van die noodsaaklikheid om die veranderde sosio-ekonomiese werklikheid te bestudeer.

Teen die einde van die sewentigerjare toon Van Jaarsveld se herhaalde dringende oproep tot "industrialiseringsnavorsing" egter 'n groter bewussyn van die universele werking van die industriële rewolusie. Vir die eerste keer verklaar hy eksplisiet dat "... die industriële revolusie universeel in sy werking is," en dat verstedeliking weens industrialisasie kleur en ras in stede vermeng laat raak het - die nywerheidsomwenteling

30. Opgeneem in *Geskiedkundige verkenninge*, Pretoria, 1974, p. 138.
31. F.A. van Jaarsveld, *Stedelike geskiedenis as navorsingsgebied vir die Suid-Afrikaanse historikus*. RAU Publikasiereeks: Die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand, B3, Johannesburg, 1973, pp. 43 en 44.
32. Vgl. F.A. van Jaarsveld, *Stad en historikus*, p. 144.
33. Vgl. F.A. van Jaarsveld, *Stad en historikus*, pp. 145-146.

het "... die bevolkingsgroepe in 'n nuwe verhouding tot mekaar gestel ..."[34] Waar Van Jaarsveld tot op daardie stadium nog verstedeliking in sy gesegregeerde vorm in Suid-Afrika beskou het, blyk dit dat sosio-politieke veranderinge in die land, asook die prominensie wat die neo-marxistiese herinterpretasie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis geniet het, teen 1979 Van Jaarsveld se benadering tot die ondersoek na die verskynsels van verstedeliking en industrialisasie beïnvloed het. Hy het beklemtoon dat industrialisasie sosiale en ekonomiese veranderings teweeggebring het, maar ook politieke magsverskuiwings, sodat die sosiaal-ekonomiese probleme van swart verstedeliking na die politieke arena verskuif het en "die werklike opposisie (vandag) ekstra-parlementêr (is)".[35] Wanneer Van Jaarsveld dan weer ernstig pleit om 'n geskiedenis van verstedeliking in Suid-Afrika en die talle aspekte van daardie verskynsel wat indringende historiese besinning vereis, identifiseer, plaas hy ook klem op die universaliteit van industrialisasie en erken hy: "Apartheid het byvoorbeeld op die rots van die ekonomie gestrand."[36]

Die gronde waarop Van Jaarsveld die studie van verstedeliking en industrialisasie bepleit het, het nie verander nie, maar wel die konteks waarbinne dit bestudeer moes word. Hy verwys dan nie meer na die gesegregeerde neerslag van verstedeliking nie, maar na "...ons nuwe samelewing ..." en "... 'n nuwe sosiaal-ekonomies bepaalde politieke werklikheid ..."[37]

Die tweede aspek van Van Jaarsveld se bydrae tot die studie van verstedeliking en industrialisasie is sy eie navorsing daaroor. In die eerste geval het hy in sy algemene werk *Van Van Riebeeck tot Verwoerd*[38] 'n afsonderlike hoofstuk gewy aan industrialisasie en "urbanisasie". Van Jaarsveld probeer om in 'n neutedop die aard en omvang van industrialisasie uiteen te sit en wys dan op die sosiale gevolg van verstedeliking, in die eerste geval van Afrikaners en dan van swartmense, kleurlinge en Indiërs. Die klem val op statistiese gegewens wat volumes en verskeidenheid van industriële produksie illustreer, kommersialisering van die landbou, volumes en diversiteit in mynproduksie en die rol van die staat in die fasilitering van hierdie groeiproses deur middel van regulering, beskerming en openbare sektordeelname. Van Jaarsveld vermeld veral die relatiewe snelheid waarmee Suid-Afrika op industriële gebied opgang gemaak het.[39] Die subjektiewe paradigma van waaruit Van Jaarsveld hierdie gebeure waarneem, spreek uit sy opmerking: "... dat ná die militêre onderwerping van die bantoes teen 1879-80 'n tydperk van rus en vrede in Suid-Afrika ingetree het: die samelewing was sodanig georden dat blank en swart 'n rustige en vreedsame saambestaan gevoer het. Die rustige geaardheid van die Suid-Afrikaanse bantoe en sy aanpasbaarheid, wat hom van primitiewe boer tot mynbou- en industriële werker omvorm het, het die nywerheidsomwenteling gestimuleer..."[40] Die trant waarin Van

---

34. F.A. van Jaarsveld, Tematiek en metodiek van die historiese industrialiseringsnavorsing, in *Die evolusie van apartheid, en ander geskiedkundige opstelle*, pp. 124-125. Kaapstad, 1979.

35. F.A. van Jaarsveld, Tematiek en metodiek van die historiese industrialiseringsnavorsing, in *Die evolusie van apartheid, en ander geskiedkundige opstelle*, p. 129; Die invloed van die neomarxistiese historiografie blyk duidelik uit Van Jaarsveld se gebruik van begrippe soos "klasse-samelewing" (p. 129) "kapitalistiese stelsel" (p. 132) en "sosiale samelewingstrukture" (p. 129).

36. F.A. van Jaarsveld, Tematiek en metodiek van die historiese industrialiseringsnavorsing, in *Die evolusie van apartheid, en ander geskiedkundige opstelle*, p. 132.

37. F.A. van Jaarsveld, Tematiek en metodiek van die historiese industrialiseringsnavorsing, in *Die evolusie van apartheid, en ander geskiedkundige opstelle*, p. 136.

38. *Van Van Riebeeck tot Verwoerd: 'n Inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika.* Johannesburg, 1969. Hierdie boek is twee keer hersien. In 1976 verskyn *Van Van Riebeeck tot Vorster* en in 1982 *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha.*

39. F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd*, p. 306.

40. F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd*, p. 301.

Jaarsveld die ekonomiese vooruitgang in Suid-Afrika, veral na 1920 beskryf, is onmiskenbaar dat dit 'n prestasie van Afrikaners en die Nasionale Partyregering was. Teen 1969 was dit miskien nog die gangbare opvatting in Afrikanergeledere waar Van Jaarsveld hom bevind het, maar teen 1976 en 1982 ongetwyfeld nie meer nie. Dieselfde aanhaling hierbo, word onveranderd in die twee hersiene uitgawes van dié algemene werk aangetref.[41]

Die hoofstuk oor industrialisasie en verstedeliking bespreek dan die Afrikaners se trek na die stede as die hoof maatskaplike gevolg van die nywerheidsomwenteling en die verhuising van bantoes as verdere maatskaplike gevolge. Die politieke gevolge van die nywerheidsomwenteling word uiteengesit as die arbeidsonrus onder georganiseerde blanke arbeid en die aandrang deur swartmense om politieke deelname, veral teen die agtergrond van die demokratiseringsproses elders in die wêreld na die Tweede Wêreldoorlog. Van Jaarsveld verklaar dan die ontwikkeling van afsonderlike politieke akkommodering van swartmense teen die agtergrond dat sake in Suid-Afrika "... egter anders verloop het as in Wes-Europa,"[42] en dat die stelsel van Afsonderlike Ontwikkeling "...op historiese grondslae berus."[43]

In die twee hersiene uitgawes van Van Jaarsveld se algemene werk oor Suid-Afrikaanse geskiedenis word die hoofstuk oor industrialisasie en verstedeliking nie fundamenteel hersien nie. Die addisionele statistiese materiaal afkomstig van die 1970-sensus is breedvoerig bygewerk in die 1976-uitgawe en onveranderd gelaat vir die 1982-uitgawe. Dié hoofstukke bied 'n nuttige beknopte samevatting van sleutelaspekte van die struktuur en omvang van industrialisasie en die ontplooiing van verstedeliking - opsigself 'n waardevolle bydrae deur 'n Afrikaanse historikus, want geen ander algemeen werk van 'n Afrikaanse historikus het dit nog onderneem nie. Die belangrike taak van wetenskaplike historiese arbeid, naamlik om te ontleed en te verklaar, bly egter onaangeraak in hierdie werk van Van Jaarsveld. Hy het by herhaling sy vakgenote en studente opgeroep tot indringende navorsing oor die sosiale en ekonomiese geskiedenis van industrialisasie en verstedeliking sodat daar 'n beter begrip kon ontwikkel vir die aard van die veranderde Suid-Afrikaanse samelewing en die probleme wat dit meegebring het. (Vergelyk deel een hierbo). Van Jaarsveld het die geleentheid daartoe in hierdie werk nie benut nie, waarskynlik omdat hy dit as 'n inleidende werk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis beskou het. Sy eie oproep tot vergelykende studies oor die verloop van industrialisasie en verstedeliking vind ook nie neerslag in hierdie hoofstukke nie. Teen die vroeë tagtigerjare was die indrukwekkende industrialisasie in Suidoos-Asiatiese lande soos Taiwan, Suid-Korea en Singapoer reeds ver gevorder en sou verwysings na onder andere daardie ervarings met laat-industrialisasie baie kon baat om die "sukses" van industrialisasie in Suid-Afrika in groter perspektief te stel. Van Jaarsveld het al daarop gewys dat geskiedenisstudente nie voldoende toegerus is om die inhoud en metode van buurdissiplines soos sosiologie, ekonomie of antropologie te hanteer nie en dit het derhalwe meebring dat nie werklik tot die kern van sosiale of ekonomiese verskynsels deurgedring is nie.[44] Dit wil voorkom asof hierdie metodologiese beperking ook van Jaarsveld se ontleding van industrialisasie en verstedeliking aan bande kan lê.

---

41. Vergelyk *Van Van Riebeeck tot Vorster*, p. 346 en *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*, p. 346.
42. F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd*, p. 326.
43. F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd*, p. 328.
44. F.A. van Jaarsveld, Die historiese metodes: twee aangesigte van geskiedenis, *Historia* 38(1), 1993, p. 12.

Die geleentheidspublikasie met Van Jaarsveld se sestigste verjaarsdag, *Afrikaners se Groot Trek na die stede, en ander opstelle* [45] was ongelukkig weer teleurstellend teen die agtergrond van die afwagting op Van Jaarsveld se bydrae oor verstedeliking. In daardie bundel is een opstel oor die Afrikaners se verstedelikingsproses. Daarin beskryf Van Jaarsveld in poëtiese taal die demografiese verskuiwings in Afrikaners se nedersettingspatroon en die ontworteling wat Afrikaners in die stedelike ongewing beleef het. Hy wy redelik baie aandag aan die "selfbeskermingsmaatreëls" wat daargestel is om Afrikaners in die stad te beskerm teen anderskleuriges, ekonomiese mededinging, politieke verdringing en kulturele verswelging. Uiteindelik word die verlig/verkramp-verdeeldheid onder Afrikaners deur Van Jaarsveld toegeskryf aan die nuwe verstedelikte werklikheid van Afrikaners. In die laaste deel van die opstel skryf Van Jaarsveld dan weer oor die probleem van "anglisasie" vir Afrikaners in die stede. Hierdie opstel toon dat Van Jaarsveld se bemoeienis met verstedeliking self teen die vroeë tagtigerjare sterk Afrikanergesentreerd gebly het en dat die breëre problematiek van verstedeliking en industrialisasie in die Derde Wêreld nie ter sake gekom het in sy ondersoek na hierdie aangeleenthede nie. Hy het bly kyk na verstedeliking en Afrikaners en die werklikheid van verstedeliking van 'n veel groter deel van die Suid-Afrikaanse bevolking, nie terselfdetyd raakgevat nie. Dit is tog onbegryplik, aangesien die ontwrigting van 1976 toe darem al die werklikheid van swart verstedeliking duidelik onderstreep het.

In 1985 verskyn die saamgestelde bundel oor *Verstedeliking in Suid-Afrika*[46] onder redaksie van Van Jaarsveld. Dit is 'n uiters waardevolle stel bydraes wat die totaliteit van verstedeliking as verskynsel in Suid-Afrika behandel. In die voorwoord beklemtoon Van Jaarsveld nogmaals die behoefte aan 'n omvattende studie oor verstedeliking van Suid-Afrika, maar erken dat leemtes in dié bundel bestaan en daarom word dit nie verstedeliking van Suid-Afrika nie, maar in Suid-Afrika genoem. Van Jaarsveld verwys egter in hierdie publikasie na grondbesetting, verspreiding en herverspreiding oor die platteland van blankes en swartes in die negentiende eeu, en dan in die twintigste eeu "...'n trek van die plattelandse bevolking na die industriële sentra, en 'n gevolglike herverspreiding en sametrekking by die stede. Sowel Afrikaners as swartes wat op die platteland gebore is, het na die stede verhuis waar 'n nuwe samelewing tot stand gekom het wat hemelsbreed van die ou agrariese wêreld van die koloniale tydperk verskil. Dit het heraanpassing en 'n mentaliteitsverandering gebring, asook 'n verandering van sowel verhoudinge tussen die bevolkingsgroepe onderling, as van Suid-Afrika se posisie in die wêreld."[47] Met hierdie standpunt lyk dit vir die eerste keer of Van Jaarsveld die verskynsel van verstedeliking sien as 'n proses wat die totale bevolking van Suid-Afrika geraak het - op dieselfde wyse op ongeveer dieselfde tyd. Medewerkers aan die bundel erken ook dat die oorwig resente navorsing oor verstedeliking hoofsaaklik op indiwiduele bevolkingsgroepe toegespits was, maar dat dié proses eintlik bestudeer moes word deur terselfdertyd op afsonderlike en gesamentlike faktore te let.[48] By die meeste medewerkers aan dié bundel is die perspektief grotendeels holisties.

---

45. Uitgegee deur Perskor, 1982.
46. F.A. van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking in Suid-Afrika*. Universiteit van Pretoria, 1985.
47. F.A. van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking in Suid-Afrika*, Voorwoord.
48. J.J. Booysen, Bevolkingsverhoudinge binne Suid-Afrika, in F.A. van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking in Suid-Afrika*, p. 16.

Die problematiek van armoede in hoofsaaklik die Derde Wêreld, het die oog veral na die Tweede Wêreldoorlog, sterk gevestig op industrialisasie as die oplossing vir agtergeblewenheid en armoede. Daar is reeds tallose publikasies wat fokus op industrialisasie in Suid-Amerika, Afrika, Indië en enkele Suidoos-Asiatiese lande. Saam met industrialisasie gaan verstedeliking en in die gevalle van suksesvolle industrialisasie is verstedeliking feitlik voltrek. In die geval van Suid-Afrika is nóg industrialisasie nóg verstedeliking voltrek. Daar kan dus nie verwag word dat daardie verskynsels reeds in omvattende historiese studies ontleed en verklaar kan wees nie. Wat wel verwag kan word, is dat die histories-wetenskaplike ontleding van industrialisasie en verstedeliking in Suid-Afrika sal aansluit by internasionale benaderings daaroor. Dit is redelik om te verwag dat historici ag sal slaan op die neo-liberale en die strukturalistiese verklarings vir suksesvolle industrialisasie en die toepaslikheid van beide benaderings tot industrialisasie in Suid-Afrika sal toets. Ongelukkig het Van Jaarsveld die breë perspektief en vergelykende studies bepleit, maar nie die verskynsels van industrialisasie self in die breër konteks van die debat daaroor geplaas nie. Hy het deurgans na verstedeliking en industrialisasie in Suid-Afrika verwys, maar die onmiddellike ekonomiese implikasies van daardie prosesse op bevolkings in aangrensende state, en omgekeerd, nie aangedui nie. Dit is myns insiens, die direkte gevolg van sy aanvanklike bemoeienis met verstedeliking van Afrikaners. Daarmee het die universaliteit van die verskynsel in Suidelike Afrika hom ontgaan.

Die liberale en neo-marxistiese historiografie oor Suid-Afrika het reeds begin om verstedeliking hier te ontleed aan die hand van verskillende paradigmas, maar die wyse waarop verstedeliking in onder andere Van Jaarsveld se publikasies benader word, getuig nie van 'n teenwoordig wees in dié debat daaroor nie. Van Jaarsveld se kort daadwerklike bydrae tot geskiedskrywing oor industrialisasie en verstedeliking in sy trilogie vanaf Van Riebeeck, staan meer in die teken van die tipiese Afrikaanse geskiedskrywing na die Tweede Wêreldoorlog. Dit is redelik volledig van feitemateriaal voorsien en werk met die mees resente statistiek. Voorts verduidelik dit die ontplooiing van die prosesse binne die saamwerk van die politieke program van die regering van die dag. Daardie sosio-politieke raamwerk vir die hantering van die universele verskynsel van verstedeliking tydens industrialisasie is nie bevraagteken nie, trouens die verskynsel van verstedeliking van verskillende bevolkingsgroepe is eerder dienooreenkomstig gefragmenteerd ondersoek. Daar is nêrens 'n poging om ander ontledingsraamwerke wat deur liberale en neo-marxistiese historici gebruik is, in verband te bring met die gegewens of om daarop te antwoord of daarmee in gesprek te tree nie. Christopher Saunders pleit om 'n sintese in die studie van stedelike geskiedenis, deurdat na stede as organiese eenhede gekyk moet word,[49] en nie as gekompartementaliseerde entiteite, ongeag watter grondslag daarvoor gebruik is nie. Dieselfde pleidooi behoort met betrekking tot die studie van verstedeliking gemaak te word.

Van Jaarsveld het deur sy wye belesenheid die wêreld se literatuur oor verstedeliking aan Afrikaanse lesers bekendgestel. Hy het groot werk gedoen deur die bewussyn te kweek by Afrikaners en Afrikaanse historici dat hulle leefwêreld primêr verander het en dat hulle toekoms vanuit die stedelike industriële omgewing opgebou moes word. Hy het sedert die laat sestigerjare herhaaldelik 'n beroep op Afrikaanse historici gedoen om te werk oor verstedeliking en industrialisasie. Gedurende die laaste jare van sy lewe het hy ook gewys op die meriete van geskiedskrywing wat fokus op die belewenisse van gewone mense,

49. C. Saunders, *Writing history*, pp. 20-23.

families, kleiner gemeenskappe of nie prominente sosiale groeperinge.[50] Ongelukkig het hy nooit self diepgaande oor verstedeliking of industrialisasie in Suid-Afrika navorsing gedoen en gepubliseer nie, maar die weg daartoe het hy berei. Van Jaarsveld het duidelik gevra na die verwantskap tussen arbeid, kapitaal en tegnologie. Hy het aangedui dat ondersoek nodig is na die geskiedenis van armoede, werkloosheid, arbeidsverhoudinge en trekarbeid. Sakegeskiedenis, het hy verklaar, lê nie buite die terrein van historici nie.[51] Dit is nog net nie gedoen nie.

Van Jaarsveld het van bo af op die totaliteit van Suid-Afrika se geskiedenis afgekyk en die breë strominge probeer identifiseer vanuit sy perspektief. Sy perspektief was veel wyer as meeste van sy tydgenootlike historici - hy kon die strominge in die Europese historiografie volg en dit oordra aan sy vakgenote. Nogtans was hy 'n Afrikanerhistorikus wat in die eerste plek vanuit daardie perspektief ontleed en bevraagteken het. Die een versugting wat hy gehad het, was: "Wat ons vandag nodig het, is 'n geskiedenisbeeld met universele aspekte. Dit moet die plek van die Afrikaanse volk en van geheel Suid-Afrika in die moderne, eengeworde wêreld verantwoord."[52] Dit het hom ontglip, al het hy so vurig daarom betoog. Historici moet nog verstedeliking en industrialisasie in Suid-Afrika sistematies ontleed, beskryf en verklaar.

---

50. Vergelyk byvoorbeeld F.A. van Jaarsveld: Demokratisering in die geskiedeniswetenskap. Van 'n elitegeskiedenis van bo tot 'n alledaagse geskiedenis van onderaf, *Historia* 32(1), 1987; F.A. van Jaarsveld, Geskiedenis van die alledaagse lewe - 'n Nuwe stroming in die Duitse sosiale geskiedskrywing, *Historia* 35(1), 1990.

51. F.A. van Jaarsveld, *Tematiek en metodiek van die historiese industrialiseringsnavorsing*, in *Die evolusie van apartheid, en ander geskiedkundige opstelle*, pp. 130-132.

52. F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner se geskiedenisbeeld*, p. 28.